

MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RAADSVERGADERING GEHOU OP 28 MEI 2019

7.3.2 KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING 2019/2020 (MTREF 2019/20-2021/22) (5/2/1/1 – 2019/20, 2020/21, 2021/22 en 5/2/1/2 – 2019/20 – 2021/22)

(BYLAE D – Bladsy 47 tot 85 / Begrotingsverwante bylaes op geheuestokkie)

1. DOEL

Om die finaal voorgestelde kapitaal- en bedryfsbegroting, gewysigde begrotings en verwante beleide, eiendomsbelasting op eiendomme binne WC011, tariewe en ander heffings aan die raad voor te lê vir doeleindes van goedkeuring soos vereis deur artikel 24 van die Munisipale Finansiele Bestuurswet (“MFMA”).

2. AGTERGROND

Die “MFMA” verplig die Raad om ten minste 30 dae voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar die begroting goed te keur. Die bedryfsbegroting is opgestel na ’n intensieve inkomste modelering oefening en is daar baie aandag geskenk aan ander inkomste bronne om sodoende die las van die basiese mandjie van dienste te verlig.

3. KOMMENTAAR

Alle direkteure was deel van die oefening en was die behoeftes weereens baie meer as die munisipaliteit se inkomste genererende kapasiteit.

Die “Budget Report 2019/20” word aangeheg as Bylae “D” op bladsy 47 tot 85. Die volgende begrotings verwante bylaes word elektronies op ’n geheuestokkie (“memory stick”) saam met die agenda versprei: “Annexure A (A Schedules), Annexure B (Tariffs), Annexure C (Budget Policies), Annexure D (Service Delivery Standards), Annexure E (Budget related circulars), Annexure F (Procurement Plan) & Annexure G (Comments by the public)”.

3.1 KAPITAALBEGROTING

Die totale kapitaalbegroting vir **2019/2020** beloop **R91,605 miljoen** en die totale aanwending van die kapitaal oor die drie begrotingsjare beloop **R220,687 miljoen**.

Die strategie met die oefening van tariewe bepaling was om te verseker dat handels en ekonomiese dienste ten minste ’n surplus toon oor die volgende 3 jaar wat nie altyd die situasie was in die verlede nie en ook dat onnodige uitgawes uitgewis word. Laasgenoemde is belangrik aangesien basiese dienste tariewe kapitaal spandering op die dienste moet befonds en om te verseker dat die munisipaliteit op ’n volhoubare wyse dienste lewer.

Vanweë die feit dat die munisipaliteit ’n wetlike plig het om basiese dienste te lewer en dat geen reserwes opgebou was nie, word kapitale spandering hoofsaaklik befonds

met nasionale en provinsiale toekennings waarvan die grootste aanwending van die fondse vir infrastruktuur uitbreidings en vervangings is om te verseker dat dienste op 'n volhoubare basis gelewer word en infrastruktuur nie verval nie.

Dit onderstreep ook verder dat die Raad alle beskikbare fondse wat hom toekom moet verkry anders kan daar nie volgehou word met die huidige befondsing van projekte nie.

3.2 BEDRYFSBEGROTING

Die totale salaris begroting styg vanaf **R145,333 miljoen na R165,997 miljoen** aangesien daar begroot moet word vir verhogings in salaris en ook verhogings in ander byvoordele soos mediese fonds en pensioen bydraes, waaroer hierdie munisipaliteit geen beheer het nie asook nuwe kritiese poste wat gevul moet word. Die TASK "benchmark" verhogings wat in Maart 2019 afgehandel is het ook bygedra tot die styging. Die afgelope paar jaar se salarisverhogings is nie volhoubaar nie en sal daar ernstig moet besin word op nasionale vlak oor die basis van onderhandelinge en die impak op die besigheidsmodel van munisipaliteite.

Vir verdere besonderhede, verwys asseblief na die hoof bedryfsuitgawe items in die begrotingsverslag en na die tabelle.

Die bedryfsbegroting verhoog vanaf **R352,830 miljoen na R 398,365 miljoen** wat 'n 12.9% (7.76% verhoging in vorige jaar) verhoging teweeg bring. Laasgenoemde sluit die operasionele nasionale en provinsiale subsidies in en is dit duidelik dat hierdie munisipaliteit daarna streef om die totale groei van die begroting met ander bronne binne die perke van die Reserwe Bank se beleidsraamwerk te hou.

Die gemiddelde tariefverhoging beloop 5.2% in lyn met omsendbrief 94 van Nasionale tesourie, behalwe vir elektrisiteit wat wisselend sal wees as gevolg van die implementering van die voorgestelde NERSA tarief skedule en skale gekoppel aan water verbruik.

Die gemiddelde aanpassing aan basiese tariewe en die belasting koers is as volg verhoog:

Erf belasting	: 5.2%
Vullisverwydering	: 5.2%
Riool	: 5.2%
Water	: 5.2%
Elektrisiteit	: 12.99%

Omdat daar die afgelope paar jaar byna geen groei in enige van die dorpe was nie, raak dit al hoe moeiliker om tarief stygings te beperk, omdat daar geen addisionele inkomste verkry word nie. Die belasting en inkomste basis van Matzikama is baie klein en word dit al hoe meer krities dat vermorsing en onnodige uitgawes uitgewis word. Hieronder volg die Wes-Kaap se ekonomiese uitkyk en is dit duidelik dat ons ekonomiese situasie swak daaruit sien en verg dit dat ons baie verantwoordelike finansiële besluite neem om vir die lang termyn te voorsien.

Die volgende eksterne faktore word belangrik geag gegewe die mandaat van munisipaliteite:

- I. Slegter ekonomiese groei oor die MTREF**
- II. Volhoubare werkskepping onder druk en n uitdaging**
- III. Inflasiekoers 2019**
- IV. Generering van inkomste onder druk**

EKONOMIESE UITKYK: GROEIKOERS IN PERSENTASIE (%)

	2018	2019	2020
Wereld Ekonomie	3.7	3.5	3.6
Suid Afrika	0.7	1.5	1.7
Wes-Kaap Provincie	-0.1	1.9	2.1

NERSA het 'n verhoging aan Eskom toegestaan van 15.63% vir grootmaat aankope deur munisipaliteite vanaf 1 Julie 2019. Omdat grootmaat aankope meer as 80% van die koste van elektrisiteit verspreiding en uitgawe beloop, kan munisipaliteite hulle tariewe aanpas met 12.99%.

3.3 BELEIDE

Dit is nodig dat die volgende finansiële beleide ingevolge die "MFMA" saam met die begroting voorgelê word:

- 3.3.1 Tarief Beleid: Gewysig
- 3.3.2 Eiendomsbelasting Beleid: Gewysig
- 3.3.3 Kredietbeheer Beleid: Gewysig
- 3.3.4 Deernis Beleid: Gewysig
- 3.3.5 Kontant Bestuur en Beleggingsbeleid: Ongewysig
- 3.3.6 Voorsieningskanaalbestuursbeleid: Gewysig
- 3.3.7 Bate Bestuursbeleid: Ongewysig
- 3.3.8 Befondsing en Reserwe Beleid: Ongewysig
- 3.3.9 Skuld Beleid: Ongewysig
- 3.3.10 Reis en Verblyf Beleid: Ongewysig
- 3.3.11 Virement Beleid: Ongewysig

3.3.12 Begrottingsimplemtering en Moniteringsbeleid: Ongewysig

3.3.13 Verhuring van karavaan/kampeerstaanplekke en chalets in Matzikama munisipale Gebiede: Gewysig

4. IMPLIKASIES

4.1 PERSONEEL

Soos bespreek.

4.2 REGS

Soos voorgeskryf deur Hoofstuk 4 (Munisipale Begrottings, Artikels 15 van 33) van die Wet op Plaaslike Regering: Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003.

4.3 FINANSIEEL

Soos bespreek.

4.4 TEGNIES

Geen.

5. KOMMENTAAR DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Dat die 2019/2020 finansiële jaar hoë-vlak begroting, insluitende die 3 jaar kapitaalbegroting vir die tydperk 2019/2020 tot 2021/2022, die 2019/2020 bedryfsbegroting, belastingkoerse, dienste tariewe en finansiële beleide, soos voorgelê, goedgekeur word.

6. AANBEVELINGS DEUR BURGEMEEESTER

Dat-

- (1) die konsep hoë-vlak begroting vir die 2019/2020 finansiële jaar soos vervat in die aangehegte **Begrottingsverslag** goedgekeur word;
- (2) die konsep 3-jaar kapitaalbegroting vir 2019/2020, 2020/2021 en 2021/2022 soos vervat in die “A Schedules” (Annexure “A” on USB memory stick) goedgekeur word;
- (3) die jaarlikse begrotings tabelle soos vereis deur die Begrottings en Rapportierings Regulasies en uiteengesit in die “A Schedules” (“Annexure A” op geheustokkie) soos na verwys word in deel 1.7 van die Begrottingsverslag goedgekeur word;
- (4) die eiendomsbelasting koerse en heffings op eiendomme in WC011, tariewe, tarief strukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullis verwydering, sanitasie en ander munisipale dienste en heffings soos uiteengesit in “Annexure B” (op geheustokkie), goedgekeur word;
- (5) die begroting verwante beleide soos vervat in “Annexure C” (op geheuestokkie), goedgekeur word;
- (6) die dienslewering standarde vir 2019/2020 soos uiteengesit in “Annexure D” (op geheuestokkie), goedgekeur word;

(7) die Aankope plan vir 2019/2020 soos uiteengesit in “Annexure F” (op geheuestokkie), goedgekeur word.

VOORGELË VIR OORWEGING

Agenda item opgestel deur die Direkteur Finansiële Dienste

RAADSVERGADERING: 28 MEI 2019

Die Uitvoerende Burgemeester, rdl HJ van der Hoven lewer sy begrotings toespraak ten opsigte van die 2019/2020 kapitaal- en bedryfs begroting, aangeheg as Bylae “A” op bladsy 80 tot 84 van hierdie notule.

Rdl WH Nell bedank die Burgemeester vir sy begrotings toespraak, maar noem dat die ANC komponent nie die aanbeveling ten opsigte van die 2019/2020 kapitaal- en bedryfsbegroting ondersteun nie, omdat dit nie voorsiening maak vir die volgende kwessies nie en / of die volgende leemtes het:

- Onvoldoende infrastruktuurprojekte in sogenaamde bruin en swart gemeenskappe om agterstande aan te spreek.
- Die salarisverhogings van die afgelope jare en die baie aanstellings in die huidige boekjaar (61 vanaf Julie 2018 tot Januarie 2019) wat nie volhoubaar is nie.
- Die sogenaamde bruin en swart woonbuurte wat nog steeds vuil is wat op onvoldoende dienslewering in hierdie verband duif.
- Ruimtelike ontwikkelingsbeplanning van die munisipaliteit wat nie voorsiening maak vir grond vir 'n dringende tweede hoërskool in Vredendal nie.
- Sekere raadslede wat hulle nie aan die gedragskode van raadslede steur nie, onbehoorlik betrokke is by aanstellings en dit 'n swak beeld van die munisipaliteit uitdra.
- Beleide van die Munisipaliteit nie omvattend genoeg om arm mense te ondervang en die “bedel mentaliteit” by hulle te verander nie.
- Die ontwikkeling van plaaswerkers wat nie aangespreek word nie.
- Geen drastiese ekonomiese ontwikkeling om werkskepping voldoende te bevorder nie.
- Geen “early childhood development (ECD)” in Wyk 3 nie.
- Dienslewering wat nie op standaard is en oral konsekwent gelewer word nie.

Rdl XP Tshetu noem dat hy die 2019/2020 kapitaal- en bedryfbegroting soos die Burgemeester dit voorgelê het, steun maar dat daar wel gefokus moet word op werkskepping, dienslewering in Wyk 3 wat vinnig uitbrei en op beter gemeenskapsalfasilitete.

Die Direkteur Finansiële Dienste, mnr GRJ Seas komplimenteer die Burgemeester met sy toespraak wat wel werkloosheid aanspreek. Hy wys daarop dat die Besigheidsentrum 'n privaat instelling is en dat die Direkteur Gemeenskap Ontwikkelingsdienste, mnr LJ Phillips tans by die vestiging daarvan betrokke is sodat kleiner besighede gehelp kan word. Hy noem ook dat vrouebemagtiging en jeugontwikkeling vir die munisipaliteit belangrik is en daar voorsiening gemaak is in nuwe kontrakte en ons beleide vir die

bevordering daarvan.

Die ANC komponent (rdle Nell, Bains en de Jongh) se teenstem word dus genotuleer, maar die meerderheid en res van die raadslede aanvaar die volgende besluit:

BESLUIT

Dat-

- (1) die konsep hoë-vlak begroting vir die 2019/2020 finansiële jaar soos vervat in die aangehegte **Begrotingsverslag** goedgekeur word;
- (2) die konsep 3-jaar kapitaalbegroting vir 2019/2020, 2020/2021 en 2021/2022 soos vervat in die "A Schedules" (Annexure "A" op USB memory stick) goedgekeur word;
- (3) die jaarlikse begrotings tabelle soos vereis deur die Begrotings en Rapporterings Regulasies en uiteengesit in die "A Schedules" ("Annexure A" op geheustokkie) soos na verwys word in deel 1.7 van die Begrotingsverslag goedgekeur word;
- (4) die eiendomsbelasting koerse en heffings op eiendomme in WC011, tariewe, tarief strukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullis verwydering, sanitasie en ander munisipale dienste en heffings soos uiteengesit in "Annexure B" (op geheustokkie), goedgekeur word;
- (5) die begroting verwante beleide soos vervat in "Annexure C" (op geheuestokkie), goedgekeur word;
- (6) die dienslewering standarde vir 2019/2020 soos uiteengesit in "Annexure D" (op geheuestokkie), goedgekeur word;
- (7) die Aankope plan vir 2019/2020 soos uiteengesit in "Annexure F" (op geheuestokkie), goedgekeur word.

EK SERTIFISEER DAT HIERDIE DOKUMENT 'N WARE AFDruk (AFSKrif) IS
VAN DIE OORSPRONKLIKE DOKUMENT WAT AAN MY VIR WAARNAMEING
VOORGELê IS. EK SERTIFISEER VERDER DAT, VOLGENDS MY WAARNAMEINGS,
DAAR NIE 'N WYSIGING OF VERANDERING OP DIE OORSPRONKLIKE
DOKUMENT AANGEBRING IS Nie.

I CERTIFY THAT THIS DOCUMENT IS A TRUE REPRODUCTION (COPY) OF
THE ORIGINAL DOCUMENT, WHICH WAS HANDED TO ME FOR
AUTHENTICATION. I FURTHER CERTIFY THAT, FROM MY OBSERVATIONS,
AN AMENDMENT OR A CHANGE WAS NOT MADE TO THE ORIGINAL
DOCUMENT.

